

Publication: Beeld(Uitgawe2) (Sport)
Publication Date: 27 Apr 2017
Page: 15

AVE: 18015.36
Circulation: 41682
Part: 1 of 1

# Wayde pak nou studente in Kaap

Wim Pretorius

Diegene wat nie verlede week vir Wayde van Niekerk by die Suid-Afrikaanse atletiekbyeenkoms in aksie kon sien nie, sal die naweek in Kaapstad nog 'n kans kry wanneer dié blits aan die Universiteitskampioenskappe deelneem.

Van Niekerk het in Potchefstroom in 'n tyd van 10.04 sek. tweede in die 100 m geëindig, voordat hy sy staal in die 200 gewys het deur sy teenstanders in 'n blitstyd van 19.90 – die vinnigste tot dusver vanjaar in die wêreld – uit te stof.

Ofskoon Van Niekerk vir die 100 sowel as die 200 ingeskryf is vir die byeenkoms in die Groenpunt-stadion, meen Ans Botha, sy afrigter, dat die 100 vir nou eers iets van die verlede is. Dié Kovsie-atleet sal nou uitsluitlik op die 200 en die 400 fokus, sê Botha.



Wayde van Niekerk

"Hy sal die naweek in Kaapstad deelneem. Daarna sal hy begin voorberei vir die Europese byeenkomste, en op 4 Junie skop sy internasionale seisoen in Boston af," het Botha bevestig.

Die Olimpiese kampioen en wêreldrekordhouer in die 400, sal in Boston in die 200 in die blokke sak.

Van Niekerk sal ook op 10 Junie in Jamaika aan die tweede skof van die JN-Racers Grand Prix deelneem, wat in Kingston gehou word.

Akani Simbine, wat die 100 in Potchefstroom in 'n tyd van 9.95 gewen het, sal ook sy slag in Jamaika wys.

Dié sal ook die Olimpiese superster Usain Bolt se laaste byeenkoms op eie bodem wees.

Simbine sal daar aan die 100 deelneem, terwyl Van Niekerk wéér in die 200 in aksie sal wees.

Simbine is ook genooi om in Boedapest, Hongarye, deel te neem, waar hy verlede jaar die Suid-Afrikaanse rekord van 9.89 in die 100 opgestel het.

Met Suid-Afrikaanse naellopers wat tot dusver vanjaar die baan aan die brand hardloop, is dit ook geen verrassing nie dat Simbine reeds uitnodigings na die Diamantliga-byeenkomste in Parys (1 Julie), Lausanne (6 Julie), Londen (9 Julie) en Monaco (21 Julie) ontvang het.

Tuks se jong spoedvraat Gift Leotlela sal ook die naweek in Kaapstad in aksie wees.

Leotlela het by Atletiek Suid-Afrika (ASA) se Spoedreeksbyeenkoms vir Van Niekerk in die 100 geklop voordat die Vrystater die bordjies in die 200 verhang het met die Pretorianer wat derde in die item oor die eindstreep is.

Die 18-jarige se tyd was 20.20.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.